NNNN

ZCZC 875 01621
AAHQ16 FAME 060700
MP574
M43/132 06/10/86

NUUSBRIEF SEPTEMBER 1986
==========

VOOR EK BEGIN MET SEPTEMBER SE SKINDERNUUS WIL EK EERS DIE NUWE SPANLEDE VOORSTEL

DR.MARTHAN BESTER - BIOLOOG
STEVE HUNTER - BIOLOOG
MARIANNA STEENKAMP - BIOLOOG
MARIETA CAWOOD - BIOLOOG
IAN (EXCELLENT) WILKINSON - BIOLOOG
CHARLIE PASCOE - VELDASSISTENT
KRAPPIE ELOFF - VELDASSISTENT
M.C. FRANKEN - VELDASSISTENT
HENK (BROEKIES) BLOM - VELDASSISTENT
HENNIE VAN WYK - VELDASSISTENT
IVAN DALGLISH - VELDASSISTENT
JOHNNY (TV EYES) KIESER - VELDASSISTENT
SAMPIE FERREIRA - VELDASSISTENT
GERHARD STEENKAMP - VELDASSISTENT
JOHAN STEENKAMP - VELDASSISTENT
PETE BARTLETT - VELDASSISTENT
DAVE BAKER - VELDASSISTENT
RORY HEATHER CLARKE - VELDASSISTENT
QUINTON (INDIANA/CHASM/BORO) COETZEE - VELDASST.
WARREN WALDECK - VELDASSISTENT
ANDRE CRONJE - VELDASSISTENT
JOHAN KRUGER - VELDASSISTENT

NA DIE AMPTELIKE OORNAME PARTY ,WAAR BOGENOEMDE PERSONE DEEGLIK MET DIE MARION MANIER VAN DINGE DOEN KENNIS GEMAAK HET, WAS DIE BLYSTE OOMBLIK ONGETWYFELD DIE AGULHAS SE VERTREK.SEKERE OUENS HET EGTER SOOS WEESKINDERS STAAN EN STAAR TOTDAT DIE SKIP FINAAL OOR DIE HORISON VERDWYN HET.

MARIANNA HET OOK GEDURENDE DIE MAAND HAAR M.SC GRAAD ONTVANG,EN OM DIT TE VIER IS DAAR N GRADEPLEGTIGHEID IN WARE MARIONTRADISIE GEHOU.MARK HET AS REKTOR OPGETREE EN MET DIE TOGAS EN SERTIFIKAAT WAT HY GEMAAK HET,HET ALLES NOGAL HEEL PROFFESIONEEL GELYK.DAAR WAS EGTER NET EEN PROBLEEM.QUINTON HET GESORG DAT DIT DIE LUIDRUGTIGSTE GRADEPLEGTIGHEID WAS WAT NOG GEHOU IS. DIE PARTY NA DIE TYD WAS ONGETWYFELD EEN VAN DIE SUKSESVOLSTES NOG OP MARION.
TWEE VERJAARDAE IS OOK DIE MAAND GEVIER.KRAPPIE HET AMPTELIK DIE W ERELD VAN DIE GROOTMENSE BETREE.N ONDERVINDING WAT HY NIE GOU SAL VERGEET NIE.JOHN HET N PRAGTIGE SLEUTEL VIR DIE OU GEMAAK EN MARTHAN HET URE LANK GESWOEG EN GESWEET OM N KOEK VIR DIE GELEENTHEID TE BAK.CHARLIE WAS DIE ANDER VERJAARDAG MAN, EN HET VERKIES OM STIL,STIL N JAAR OUER TE WORD.

VIR TIEN SALIGE DAE GEDURENDE DIE MAAND WAS DIE BASIS HEELWAT STILLER,WANT ROBERT HET DIE WIND EN WEER GAAN AANDURF EN OM DIE EILAND GAAN STAP.ANDRIES WAS SAAM EN BLYKBAAR HET DIE VARS LUG WONDERE VERRIG.HY HET UITEINDELIK BESEF DAT HY MAAR MOET TOU OPGOOI MET SY BAARDGROEIERY EN DIE DING AFSKEER (OF MOET EK LIEWER S E ,DIE DONSIES AFKRAP....)

ARCHIE HET N RUGBYWEDSTRYD GER EEL EN DIE OUENS WAT DAPPER GENOEG WAS VIR DIE EPISODE HET TOE DIE MIRES INGEVAAR,EN ALHOEWEL HULLE SOMS HALFLYF IN DIE MODDER WAS HET ALMAL DIT BAIE GENIET.DIE RES VAN ONS HET MAAR OP DIE KANTLYN GESTAAN EN GESORG DAT ALLES FOTOGRAFIES VEREWIG WORD.NOU BEPLAN ARCHIE N SOKKERWEDSTRYD VIR VOLGENDE MAAND.O,JA. NOG N STUKKIE RUGBYNUUS.GERHARD EN M.C. HET DAPPER BESLUIT OM VANAF KILDALKEY TERUG TE STAP BASIS TOE OM DIE CURRIEBEKER-FINAAL TE KOM LUISTER.MET DIE DAT WP TOE WEN ,WAS DAAR EEN GELUKKIGE(M.C.) EN EEN BAIE ONGELUKKIGE (GERHARD) OU WAT DIESELFDE MIDDAG TERUGGEKEER HET NA KILDALKEY.

MET DIE LENTE IN VOLLE SWANG EN SOMER NET OM DIE DRAAI , WRIEMEL DIE EILAND VAN NUWE LEWE.DIE EERSTE MACARONIPIKKEWYNE HET AL REEDS HUL VERSKYNING GEMAAK EN DIE ROCKHOPPERS WORD BINNE DIE VOLGENDE PAAR WEKE TERUG VERWAG.ORAL OP DIE STRANDE WAAK TROTSE SEE-OLIFANTOUERS OOR HUL WELPIES,TERWYL DIE SKUAS BAIE AGGRESSIEF RAAK NOUDAT DIE PAARSEISOEN NADER KOM.ONS HET OOK N BAIE SPESIALE BESOEKER GEHAD VIR VIER DAE GEDURENDE DIE MAAND.N LUIPERDROB (BAIE SKAARS IN DIE GEWESTE)HET HOM KOM TUIS MAAK REG BY DIE BASIS OP BOULDER BEACH.MOORDWALVISSE WORD OOK AL HOE MEER OPGEMERK EN ALMAL HOOP OM NOG HEELWAT VAN HIERDIE PRAGTIGE SOOGDIERE TE SIENE TE KRY

WEL ,DIT DAN AL VANAF MARION VIR SEPTEMBER.HIER IS DIE BELANGRIKSTE WEERDATA NET OM JULLE BY DIE HUIS TE LAAT WEET PRESIES WAT JULLE MIS

GEM TEMP	4.8 C
MAX TEMP	12.2 C
MIN TEMP	-3.0 C
TOT REENVAL	166.7 MM

==========

NUUSBRIEF/WEERDATA:- ADRIAAN VAN ZYL.